

blanke kan behartig, langs en in vriendskaplike betrekking met blank Suid-Afrika.

Uit die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing word ons dus gelei tot die enigste oplossing vir ons veelrassige probleem, nl. afsonderlike ontwikkeling en vreedsame naastestaan van soewereine state. En dit gun die „wêreld” ons nie En ons verstaan dit. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie

J. A. L. Taljaard.

P.U. vir C.H.O.

\* \* \* \*

### RESENSIE-ARTIKEL

Molenaar, ds. D. G.: *De Doop met de Heilige Geest*. Kok, Kampen. 1963.

A. *Uiteensetting*.

I. *'n Manko in Gereformeerde lewe en leer*.

Ds. Molenaar begin sy boek, waarvan hy self die publikasie nie beleef het nie, deur te wys op 'n groot tekort, 'n manko, nie alleen in die Gereformeerde vroomheid of lewe nie maar ook in die Gereformeerde teologie. Hy beskou dit as hoogs merkwaardig dat die Gereformeerde teologie in die verlede so goed as niks raakgesien het van die groot betekenis van die sogenaamde doop met die Heilige Gees nie. Daarby meen hy dat die Gereformeerde predikante verleë sit met die Pinksterfees. Talle probleme meen hy vir die Gereformeerde teoloog raak te sien, veral ten aansien van die moontlikhede van die Gees teenoor die so tasbare „onmoontlikhede” in ons lewe. Die probleme is syns insiens nie onoplosbaar nie, as mens maar die moontlikhede van die Gees nie beperk tot die verlede nie.

Hy stel hom dan ook op die standpunt van die herhaalbaarheid van Pinkster en wil van daaruit in sy hele geskrif aantoon, om dit in sy eie woorde te stel, „dat de doop met de Heilige Geest een bepaalde geestelike ervaring is, die uitgaat boven de werking van de Heilige Geest bij de wedergeboorte en de bekering, en die het christelijk leven op een hoger niveau brengt”. (p. 7).

## II. Eksegetiese fundering.

### a. *Tekste wat spreek oor die doop met die Heilige Gees.*

Ds. Molenaar gee 'n lang register van tekste wat nadruklik spreek oor die doop met die Heilige Gees soos bv. Matth. 3 : 11; Joh. 1 : 5 en 33; Hand. 11 : 16; 1 Kor. 12 : 13; ens.

Uit die tekste kom hy dan tot die volgende konklusies:

(1) Die doop met die Heilige Gees word bedien deur Christus, wat verhoog is aan die regterhand van die Vader en self van die Vader na sy hemelvaart nog ryker as by sy doop in die Jordaan, die belofte van die Heilige Gees ontvang het.

(2) Die doop word gegee aan die gemeente; die kollektiewe staan dus op die voorgrond en dit het plaasgevind op 'n bepaalde moment in die heilsgeskiedenis.

Die doop met die Heilige Gees mag nie beskou word as iets wat alleenlik kollektief plaasvind nie. Uit Hebr. 6 : 2 lei Molenaar af dat afsonderlike persone dit ook kan ontvang, ja dat dit iets is wat elke Christen mag ontvang, want dit is nou verbonde met die waterdoop.

(3) Die volheid van die Gees is op geen ander manier bereikbaar nie as deur die kruis waar Christus as die Lam van God sy offer gebring het.

(4) Die doop met die Heilige Gees word verder gekenmerk deur krag en geestelike oorvloed.

(5) Dit kan egter nie beperk word tot die uitstorting van die Gees te Jerusalem nie. Hy verwys veral na Hand. 11 waarin Petrus ten aansien van die doop van Cornelius verklaar: „En toe ek begin om te spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos op ons ook in die begin”. Die doop met die Heilige Gees kan dus nie beperk word tot een historiese feit nie. Petrus gee in die volgende vers nog die verdere uitspraak dat hy dit beskou het as 'n vervulling van die woord van die Here wat gesê het: „Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word”.

### b. *Verdere gegewens uit die Nuwe Testament.*

Molenaar stem toe dat dit merkwaardig is dat die uitdrukking *doop* met die Heilige Gees later selde in die Nuwe Testament vir die pinksterfeit gebruik word. Hiervan lei hy af dat die doop iets eenmaligs bevat.

Waar daar tog sprake is daarvan dat een en dieselfde persoon meermale met die Heilige Gees vervul kan word, soos ons bv. lees van Petrus in Hand. 2 : 4, 4 : 8 en 4 : 31, word daar nêrens in die Nuwe Testament van 'n tweede of derde vervulling met die Gees gespreek as die doop met die Heilige Gees nie. Hieruit konkludeer hy dat die Nuwe Testament die doop met die Heilige Gees gelykstel met die vir die eerste maal vervul word met die Gees.

Uit verskillende tekste bewys Molenaar ook nog dat die Heilige Gees as *Persoon* gestuur is en gekom het, dat Hy *plotseling* kom, dat Hy op oorvloedige wyse uitgestort word, dat sy koms *blywend* is en dat Hy 'n *gawe* is. Die indiktatief staan dus voorop, maar die *aktiwiteit van die mens*, die oopstelling van jouself in die geloof vir die ontvangs van die gawe, kan tog ook nie ontken word nie — die imperatief is dus ook onontbeerlik.

(c) *Pinkster was 'n unieke heilsfeit maar tog kan die uitstorting van die Heilige Gees herhaal word.*

Molenaar benadruk sterk die feit dat die twee tekens van Pinkster, nl. dié van die geweldige rukwind en dié van die tonge van vuur, nooit later weer voorgekom het nie. Daaruit lei hy reeds af dat die uitstorting van die Heilige Gees te Jerusalem iets unieks was. Die besondere van die eerste neerdaling van die Gees was ook dat Hy van bo gekom het en kom woon het in die kerk. Hierdie vertikale lyn is 'n besondere kenmerk van Pinkster. In Joh. 7 : 39 sê die evangelis: „want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie”. Die Gees kon dus pas kom nadat Christus die versoeningswerk volbring het en as loon op sy vernedering self die Heilige Gees in sy volheid ontvang het.

Pinkster was daarom 'n unieke heilsfeit wat op een lyn staan met die skepping van die wêreld en die vleeswording van die Woord. Molenaar kom dan tot die duidelike uitspraak: „Het komen van de Geest op het heilshistorisch moment na Christus hemelvaart was een uniek feit, dat als zodanig onherhaalbaar was” (p. 21).

Ten aansien van die talle tekste waarin daar weer sprake is van die uitstorting van die Heilige Gees, soos Hand. 4 : 31, Hand. 8 : 17; Hand. 10 : 44—48; Hand. 15 : 52; Hand. 19 : 6; Ef. 1 : 13; Gal. 3 : 2, 5; 1 Kor. 12 : 13, kom Molenaar tot die

volgende konklusie: „Hoe uniek het Pinksterfeest ook was, de Geest, die in de kerk was komen wonen, openbaarde zich telkens op een analoge wijze. De latere uitstortingen zijn dan echter geen volstrekt nieuwe heilsfeiten, maar uitwerkingen van het eerste grote gebeuren” (p. 26). As daar dus sprake is van herhaling van Pinkster dan wil hy daarmee niks anders uitdruk nie as dat die Gees wat een maal definitief in die kerk kom woon het, Hom opnuut in die kerk openbaar. Dit kan en moet ook by persone gebeur. Van Petrus word nadruklik verhaal dat hy drie maal met die Gees vervul is. Dit geld vir Molenaar vandag nog. Wie die Gees in sy volheid ontvang het, moet tog telkens opnuut vervul word. Die volwees met die Heilige Gees is 'n blywende toestand, maar dit word tog telkens geaktualiseer.

(d) *Die doop met die Heilige Gees gaan uit bo die werk van die Heilige Gees by wedergeboorte en bekering.*

Molenaar wys die opvatting af dat die doop met die Heilige Gees saamval met wedergeboorte en bekering en dat dus elkeen wat wedergebore en bekeer is ook die volheid van die Gees besit. Hy beskryf die doop met die Heilige Gees dan as 'n „plus” in die sin waarin bv. die heiliging 'n plus genoem kan word teenoor die regverdiging. Hy bedoel met die „plus” egter beslis geen donum superadditum, 'n willekeurige toevoegsel, nie, maar 'n plus wat organies saamhang met die voorafgaande fase in die ordo salutis.

Molenaar grond hierdie beskouing veral op die volgende tekste:

(1) Hand. 2 : 38: „En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle en laat julle doop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang”. Die ordo salutis volgens Petrus is dus hier: bekering, doop, vergewing, gawe van die Gees.

(2) Hand. 8 : 12—16. Hier word verhaal dat die Samaritane gelowig geword het en gedoop is. Daarna het Petrus en Johannes uit Jerusalem gekom en vir hulle gebid en na handoplegging het hulle die Heilige Gees ontvang. Hierin meen Molenaar onmiskenbaar duidelik 'n bewys te vind dat die ontvangs van die Heilige Gees meer is as geloof in Christus.

(3) Hand. 9 : 17 toon aan dat Paulus ook na handoplegging deur Ananias met die Heilige Gees vervul is nadat hy reeds tot bekering gekom het.

(4) In Hand. 19 : 1 vra Paulus aan die Efesiërs: „Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie". Daarna het Paulus nadat die mense gedoop is, hulle die hande opgelê en die Heilige Gees het op hulle gekom. Ook hieruit lei Molenaar af dat die orde van die heil kulmineer in die doop met die Heilige Gees, wat uitgaan bo geloof en doop.

Deur die doop met die Heilige Gees kom die geestelike lewe van die Christen, volgens Molenaar, tot bloei en rypheid, dit kom tot 'n stadium van volwassenheid. Daarmee leer Molenaar geensins perfeksonisme nie, hy verwerp dit trouens op Bybelse gronde, maar wys ook die „imperfeksonisme" af, waarmee hy dan bedoel die stroming wat alleen maar aandag gee aan die „stuk van die ellende" Die heiliging kan tot 'n hoë niveau kom. Ons moet kom, volgens Ef. 4 : 13, tot 'n volwasse man en die mate van die volle grootte van Christus. Dit het nie volstremte sondeloosheid tot gevolg nie maar wel geestelike rypheid en volwassenheid. Dan kom tot openbaring die vrugte van die Gees soos geloof, hoop, liefde, vrede, blydskap, wysheid en gehoorsaamheid.

(e) *Die gawes van die Gees.*

Molenaar meen dat die krag van die Heilige Gees, wat by die doop met die Heilige Gees geskenk word, in die charismata op 'n besondere wyse tot openbaring kom. Waar mense met die Heilige Gees vervul word, kom altyd die gawe van die Gees tot openbaring (vgl. Hand. 2 : 17; 10 : 45; 19 : 6; Gal. 3 : 5 en 1 Thess. 5 : 19).

Hy onderskei genadegawes in ruimer sin soos bediening, lering, vermaning, uitdeling, leiding gee en barmhartigheid bewys, volgens Rom. 12 : 7, 8 en genadegawes in praegnante sin soos profesie, glossolalie en uitleg van tale, gesondmaking, werking van kragte en onderskeiding van geeste volgens 1 Kor. 12 : 6—8. Laasgenoemde gawes vertoon almal 'n wonderkarakter.

Op die belangrike vraag of die geestelike gawes van en die gebod van Paulus in 1 Kor. 14 : 1 om dit na te jaag, alleen vir die eerste Christelike kerk en tyd gegeld het antwoord Molenaar ontkennend. Hy beskou sodanige opvatting as willekeurige begrensing wat op grond van die Skrif onmoontlik te

handhaaf is. Volgens 1 Kor. 13 : 8 en 10 sal dit eers in die ewigheid, wanneer „die volmaakte gekom het” tot niet gaan.

Besonder belangrik is die volgende uitspraak: „Nergens in het Nieuwe Testament word een grens gesteld, waarvan men zou moeten zeggen: „vóór die tijd hadden wonderen plaats, ná die tijd niet meer”. Wel is het mogelijk, dat ze zich in de éne tijd méér openbaren dan in de andere. Maar juist daarom is er reden te vermoeden, dat we een tijd van wonderen tege- moet gaan. Evenals in de begintijd van de Christelike kerk een machtige werking van de Heilige Geest te zien was, zal dat ook in de eindtijd het geval zijn. In de eindtijd is een vermeerdering van de charismata, ook van de wondercharis- mata te verwachten” (vgl. Openb. 11 : 6) (p. 46).

Nadat Molenaar aan die hand van 'n aantal tekste beson- dere aandag gegee het aan die charisma van *glossolalie*, kom hy tot die konklusie dat die Heilige Gees by die spreke in vreemde tale soseer die hart van die mens vervul, dat die mens nie meer sy eie woorde kies nie maar dat die Gees hom dit ingee. Dit is 'n spreke in geheimenisse en niemand verstaan dit nie, volgens 1 Kor. 14 : 2 wat lui: „Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie met mense nie, maar met God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede”. Die glossolalie is vir Molenaar per slot van rekening 'n bewys dat mens vervul is met die Gees, 'n teken van die vertikale band tussen die Gees en die kerk. Dit hou in die eerste plek lofprysing van God in (Hand. 2 : 11) en aanbidding (1 Kor. 14 : 2, 12).

Dat so baie Christene vandag die glossolalie vreemd en selfs weersinwekkend vind, is vir Molenaar nie te rym met die houding van Paulus nie (1 Kor. 14 : 18). Veral Calviniste moet hiervoor 'n oog hê. „Het spreken in talen is, om zo te zeggen, de meest Gereformeerde bezigheid, die zich laat den ken” (p. 50).

By die vertikale aard en betekenis van die glossolalie is daar ook nog 'n horisontale betekenis, nl. (i) vir die persoon se geestelike lewe self, (ii) tot welsyn van almal (1 Kor. 12 : 7), van die kerk as geheel dus, as die uitlegging van die taal ook plaasvind (1 Kor. 14 : 27), (iii) tot 'n teken vir die onge- lowige. Hulle kan daardeur tot bekering kom, soos dit met Pinkster te Jerusalem die geval was.

Ook die gawe van profesie, wat hy beskryf as die weet en bekendmaking van verborge dinge (1 Kor. 13 : 2), aanvaar hy

as 'n gawe van die Gees ook vir die hede. Die probleem van die egtheid daarvan is nie maar net 'n probleem van vandag nie. In Paulus se tyd was dit al 'n probleem. Daarom beveel Molenaar ten aansien daarvan die woord van Paulus aan in 1 Thess. 5 : 12—21: „Blus die Gees nie uit nie, verag die profesië nie. Beproof alle dinge; behou die goeie”.

### III. *Verdere verkenninge.*

Molenaar trag om in die verdere deel van sy boek steun vir sy standpunt te vind

(a) deur Gereformeerde teoloë, soos Calvyn, Bavinck, Kuyper, Brillenburg Wurth, Berkouwer, Koole en Ridderbos vlugtig weer te gee ten opsigte van hulle standpunt oor verskillende sake wat hy aangesny het, en hy bemerk by hulle definitief 'n kentering;

(b) deur 'n kort verkenning te maak in die Wysbegeerte van die Wetsidee veral ten aansien van die sg. ontsluitingsproses waardeur die menslike natuur tot ontplooiing kom;

(c) deur enkele grepe te maak uit die wetenskap van die psigologie veral ten aansien van volwassenheid en oorgawe en die charismata;

(d) deur 'n groot en byna eentonige aantal historiese illustrasies uit feitlik alle kerk- en sektegroepe gedurende die laaste 5 eeue voor te hou wat bewys sou lewer dat die doop met die Heilige Gees 'n ingrypende ervaring is wat nie beperk gebly het tot die eerste Christelike eeu nie.

### B. *Beoordeling.*

#### I. *Waardering.*

In die beoordeling van die boek van Molenaar moet ons versigtig wees. By die eerste kennismaking daarmee doen dit vir die Gereformeerde oor, veral in Suid-Afrika waar die Metodisme soveel skade berokken het, geweldig vreemd aan. Mens is geneig om onmiddellik 'n „nee” te laat hoor. Mens is geneig om hom onmiddellik, hoewel hy in lewe 'n Gereformeerde predikant was, ruweg te stamp in die onbenydenswaardige hoek van die geesdrywery en die sg. Pinkstergroepe of -sektes.

Wie egter die boek gaan bestudeer en objektief wil gaan luister na wat Molenaar te sê het, kom tot 'n ander gevolg-

trekking. M.i. moet daar van Gereformeerde kant wel deeglik waardering wees vir wat Molenaar gedoen het. Dit lei nl. geen twyfel dat hy die vinger met groot geloofsbewoënheid gelê het op 'n wondplek in die Gereformeerde teologiese denke sowel as in die praktyk van die godsaligheid by Gereformeerdes. Hy het daarby tot ernstige besinning opgeroep.

Dat hy heeltemal tereg wys op 'n manko in die Gereformeerde teologie en praktyk ten aansien van die werking van die Gees, kan ons nie ontken nie. Trouens ook ander Gereformeerde teoloë het in die laaste jare dit beklemtoon. So toon J. H. Bavinck bv. aan in sy boek: „Ik geloof in de Heilige Geest” dat die kerk in die loop van die eeue gans te min oog daarvoor gehad het dat God deur sy Gees die kerk wil inskakel in sy groot doel met die wêreld nl. dat Hy alle dinge onder een Hoof, nl. Christus, wil versamel. En veral was daar volgens Bavinck ook te min oog vir die Skriftuurlike waarheid dat God die kerk deur sy Gees toerus met besondere gawes en kragte om sy roeping te volvoer (p. 29, 30). Op 'n ander plek druk Bavinck hom soos volg uit: „Wij zijn in een eperiode van het werk des Geestes. Zo wordt het in vele kerken en kringen min of meer gevoeld”.

Wat 'n mens van Molenaar veral waardeer is dat hy ons in eerste instansie konfronteer met die Woord van God. Hy doen eksegeese en maak dan sy konklusie. Daarin verskil Molenaar van die geesdrywers en meeste sektes wat so maklik daartoe kom om Woord en Gees van mekaar los te maak. Die krag van die hele boek lê in sy eksegetiese funderinge.

## II. *Kritiek.*

By alles wat in die boek te waardeer is, kan ek nie nalaat om ernstige kritiek en bedenkinge uit te spreek nie. Mens sou dit kon doen langs tweërlei weg. Mens sou bladsy vir bladsy onder die vergrootglas kon neem, mens sou elke stukkie eksegeese kon gaan kontroleer, maar daarvoor het nie alleen die tyd ontbreek nie, maar dit sou ook geheel en al 'n te uitvoerige bespreking meebring.

Ek wil eerder die drie kernvrae waarop Molenaar sonder uitsondering positiewe antwoorde gegee het, onder die soeklig neem en daarna in enkele kort grepe die eie standpunt probeer stel onder die opskrif: Gereformeerde balans.



(a) *Drie vrae.*

(1) *Is die uitstorting van die Heilige Gees herhaalbaar?*

Molenaar is met die positiewe beantwoording van die vraag baie versigtig. Dit het uit ons uiteensetting ook geblyk. Hy beskou Pinkster nl. baie definitief as 'n unieke heilsfeit wat as sodanig onherhaalbaar is. Die feit dat die twee tekens van wind en vuur nooit weer in die openbaringsgeskiedenis voorkom nie, is vir hom daarvoor die bewys. Nieteenstaande die duidelike uitspraak bly Molenaar tog spreek van 'n herhaling van die uitstorting van die Gees. Hy doen dit selfs nadat hy gewys het op die gevaar van misverstand en die uitdrukking „voortsetting” van die werk van die Gees aanbeveel het.

Molenaar ontkom daarmee nie aan die gevaar van misverstand te wek en om in die hand te speel van metodisme, geesdrywers en sektes nie. J. H. Bavinck wys in sy reeds aangehaalde werk op unieke wyse daarop dat Pinkster nooit herhaal kan word nie. Daar is maar een Pinksterfees soos daar maar een Kersfees is. Bowendien kan ons in die wonders rondom Pinkster iets van die trekke sien van die komende koninkryk. Hy wys verder daarop dat die Gees bly en sy teenwoordigheid telkens weer laat bemerk. In dié lig moet die verskillende tekste in Handeling besien word.

H. Bavinck het in sy Dogmatiek I, p. 244, daarop gewys hoe weinig sin dit het om by die viering van Pinksterfees met die gemeente te bid dat die uitstorting van die Gees weer moet plaasvind in die midde van die gemeente. Wie dit bid, loën eintlik die Pinksterwonder. „Immers, wat *kwam* en *bij* ons is, kan niet weer tot ons *komen*”.

(2) *Het die Charismata opgehou met die eerste Christelike kerk?*

Op hierdie vraag antwoord Molenaar definitief ontkenend, en hy vind vir sy standpunt ook steun in uitsprake van Berkouwer wat nadruklik bv. verklaar: „Van een bepaalde temporeel fixeerbare grens tussen teken en tekenloosheid vinden wij in de Heilige Schrift niets” (De Voorzienigheid, p. 268). Hy beroep hom verder op Brillenburg Wurth wat verder gaan as Berkouwer en poneer: „De stroom van de Heilige Geest zelf is allerminst opgedroogd. Pinksteren behoort in geen

geval tot het verleden. De Pinksterbedeling gaat nog onverzwakt door en zal tot aan de jongste dag toe blijven doorgaan, wat betekent dat ook voor ons in deze tijd en voor de kerk van Christus in alle tijden de Geestesvolheid beschikbaar blijft voor het geloof" (Gereformeerd Weekblad, 17 Junie 1960, p. 404).

M.i. bewaar Brillenburg Wurth egter verder op kostelike wyse die suiwere balans, anders as Molenaar, deur die besondere gawes nie oor te beklemtoon nie maar deur die aksent te bly lê soos Paulus dit gedoen het in sy brief aan die Korinthiërs. Hy wys daarop dat die allerbelangrikste gawes van die Gees is die heel „gewone" maar in wese so buitengewone gawes van kennis, geloof, vrede, liefde en blydskap. En dié gawes het ons ontvang saam met en tot opbou van die kerk, m.a.w. nooit om daarmee self uit te blink nie.

Molenaar beroep hom verder op Herman Ridderbos, wat nadruklik die skema afwys t.o.v. die buitengewone gawes van vroeër wel en nou nie meer nie. Daar is geen toereikende grond om aan te neem dat dit wat in die gemeente van Korinthe plaasgevind het en deur Paulus as die werkinge van die Gees erken is, tans nie meer sou kon plaasvind nie (Gereformeerd Weekblad, 2 en 9 Des. 1960 en 13 Jan. 1961).

In die beoordeling van die standpunt van Molenaar wil ek aansluit by wat Herman Ridderbos later, in Nov. 1963, ten aansien van die saak geskryf het. Hy onderskei tussen algemene en besondere gawes van die Gees, en die besondere is daar om die algemene aan die gang en in stand te hou. Die besondere staan in diens van die algemene. Al die charismata, in die amp en buite die amp, dien om die gemeente op te bou in die geloof, die hoop en die liefde (Gereformeerd Weekblad, 1 Nov. 1963, p. 122).

Op die vraag of die charismata dan geld vir alle mense en alle tye, wys hy dan daarop dat ons aan die uitgangspunt moet vashou dat die besondere daar is ter wille van die algemene en nie omgekeerd nie. Die kwessie is nie dat ons eers ware gelowiges voor God word deur 'n besondere Charisma, 'n sg. „second blessing" nie. Nee, dit kom daarop aan dat ons die charisma wat God ons gee, in diens stel van die gemeente. In die eerste tyd van die bestaan van die Christelike kerk sien ons geweldige ontploffinge (explosies). Moet ons nou sê: dit gebeur nie meer nie? Ridderbos wil daarop antwoord ja en nee. Die apostelskap was ook 'n charisma maar tans ken ons geen

apostels meer nie. En wat op Pinksterdag gebeur vind ons later nie weer terug nie. Ons vind wel die glossolalie terug maar ook nie weer dat almal dit verstaan soos op Pinkster nie. Later moet daar 'n tolk bykom.

Die gawes, soos ook die van die gesondmaking, is insidentele gawes. Paulus bv. het die gawe, as teken van sy apostelskap, besit en tog laat hy Trophymus siek te Milete agter. Dit laat die vraag ontstaan wat is die weg waarin die Gees met ons wandel en watter gawes gebruik Hy om die gemeente toe te rus? En as ons dit in die Nuwe Testament nagaan dan sien ons 'n ander ontwikkeling. Die kerk ontwikkel, die apostoliese leer word verbrei, die kanon van die Nuwe Testament gaan gestalte kry en daar kom reëlmatige voortgang. Eers tree die gawe van die profesie op die voorgrond, maar spoedig sê Paulus: sorg tog daarvoor dat dit altyd gedoen word ooreenkomstig die reël van die geloof. Langsamerhand kom daar mense wat as dié profete en leraars en evangeliste optree. Sommige van die gawes mond as 't ware uit in 'n amp. So ook die gawe van barmhartigheid. Daar is dus dié ontwikkeling dat die eksplosiewe gaandeweg oorgaan in die reëlmatige.

Ons mag miskien oor die sake te beskeie wees, want wat 'n rykdom hou die Skrif ons in dié verband voor? Tog lê die krag van die Gees en die krag van die kerk nie in die spekulerende en die eksplosiewe nie. Dit lê in standvastigheid van geloof, hoop en liefde (Gereformeerd Weekblad, 8 Nov. 1963, p. 129, 130).

In kort kom dit daarop neer dat hoewel ons nooit kan beweer dat die Heilige Gees beperk sou wees in sy werkinge nie, die besondere gawes van die Gees tog veral behoort het tot die openbaringsgeskiedenis en die tyd van die vestiging van die kerk in die wêreld. Toe die kerk die getuie van die Gees in die Woord ontvang het was dit nie meer so nodig nie. Paulus stel dit ook duidelik: ek wys julle nog 'n uitnemender weg (1 Kor. 12 : 31), en direk daarna sing hy sy lofsang op die liefde wat 'n geestesgawe is ver bo die glossolalie of profesie.

Dit is natuurlik nie onmoontlik dat God op 'n bepaalde moment in die geskiedenis van sy kerk weer besondere gawes as teken van die deurbraak van die Evangelie wil gee nie. Maar deur die noodsaaklikheid van die charismata soos glossolalie en profesie vir die normale Christelike lewe te preek, word die geloof van hulle wat die gawes dan nie het nie, gedegradeer tot minderwaardig. 'n Elite-Christendom word ge-

kweek en 'n godsdienstige klassestelsel op metodistiese wyse word ingevoer van bekeerdes en gelowiges en Geestesgedooptes ens. (vgl. hier A. B. W. M. Kok in Christ. Encyclopaedie, 1960, Band 5, p. 456).

M.i. maak Molenaar dus die fout om nie die ontwikkeling in die openbaringsgeskiedenis raak te sien ten aansien van die Charismata nie, en daarom projekteer hy sonder onderskeid alles op die huidige tyd. Hy gaan nl. uit van die uitsprake in Handelingte om vervolgens Paulus se uitsprake daarby in te voeg. Mens moet egter juis die omgekeerde weg volg. Die verskille tussen Paulus en Handelingte is evident. In die Handelingte staan bv. die glossolie as algemene gawe sentraal. Paulus dring dit juis terug. Lukas vra: hoe het dit begin? Paulus vra: wat was die doel van die gawes? en hoe moet dit verder gaan? Daarom: „ek wys julle 'n uitnemender weg”.

### (3) *Is die doop met die Heilige Gees 'n plus?*

Dit is die laaste maar belangrikste vraag om te beantwoord. Dit is die hele pointe van Molenaar se boek. Teen hierdie stelling het ek die sterkste beswaar. Daarmee wil ek nie beweer dat die werking van die Gees, soos sommige beweer het, met die wedergeboorte en bekering af is nie. Daarmee eindig immers nie die ordo salutis nie. Daar is immers nog geloof, regverdiging en heiliging en daarin werk die Heilige Gees, wat ons immers Christus en al sy weldade deelagtig maak, kragtiglik deur. Selfs moet hier nie uit die oog verloor word die heerlikmaking nie, wat as kroon van die werk van Christus eenmaal die deel sal wees van die verlose. 'n Beginsel van die ewige vreugde is in hierdie lewe tog ook reeds die deel van die kinders van God, en wie anders as die Gees van Christus kan hiervan die Outeur wees?

Die doop met die Heilige Gees word deur Molenaar te veel as 'n geïsoleerde gebeure voorgestel op grond van wat Lukas in die Handelingte verhaal waar dit baie keer gepaard gegaan het met die buitengewone en die eksplisiewe. Paulus laat 'n ander lig daarop val waar hy dit meer in die teken stel en onder die kategorieë noem van „groei” en „rypheid” en „volwassenheid”. Molenaar het wel die uitsprake van Paulus nie geïgnoreer nie maar weer was sy oog nie oop vir die ontwikkeling in die openbaringsgeskiedenis nie.

Dat die doop met die Heilige Gees reeds gepaard moet

gaan met die buitengewone en die ekstatiësc, word reeds geloënstraf deur wat ons bemerk by die doop van Jesus in die Jordaan, toe trouens ook die Gees op Hom neergedaal het, toe Hy dus die Geestesdoop ontvang het. Dit is opvallend dat dit met so weinig tekens gepaard gegaan het. Die groot wonder voltrek hom in verbysterende eenvoud en rus. Die enigste wat ons bemerk, is dat Jesus van dié oomblik af sy amptelike taak ter hand neem (vgl. J. H. Bavinck, a.w., p. 39).

b. *Hoe vind ons die regte balans?*

Ek meen dat die balans ten aansien van die werk van die Heilige Gees deur geesdrywers, deur Pinkstergroepe en -sekte en ook deur Gereformeerdes soos Molenaar, prysgegee word deurdat in mindere of meerdere mate die werking van die Gees losgemaak word van Christus

en van die Woord

en van die kerk

en van die koninkryk van God.

As hierdie band raakgesien word, dan kan ons die balans bewaar.

1. *Christus en die Gees.*

Paulus sê: iemand het deel aan die Gees as hy deel het aan Christus.

Baie keer dit om in sy teendeel en sê: of iemand deel het aan Christus hang daarvan af of hy deel het aan die Gees. Hiervan sê Ridderbos: dit kan die geestelike lewe soms tot stilstand bring, tot 'n voortdurende probleem maak, want Christus kom dan op die agtergrond en die partisipasie van die Gees word 'n veel moeiliker bepaalbare werklikheid. Paulus sê: Christus staan op die voorgrond. Hy konfronteer ons in die eerste plek met Christus (Gereformeerde Weekblad, 25 Okt. 1963, p. 114). Vgl. Bavinck, a.w., p. 25, 2c: Heel die werking van die Gees is betrokke op en oorgeneem in die groot heilswerk van Christus.

2. *Die Gees en die Woord.*

Paulus, as hy oor die oorsprong van die geloof handel, wys in die eerste plek op die oorweldigende krag van die

prediking, van die Woord. Natuurlik is dit ook 'n saak van die Gees. Die Gees bevestig die Woord, pas die Woord toe aan die harte en wie die werking van die Gees losmaak van die Woord is op die weg van Rome en die geesdrywers.

Ek wil nie beweer dat Molenaar dit doen nie.

### 3. *Die Gees en die kerk.*

Wie die werking, ook die gawes van die Gees, nie meer sien as middels wat God gebruik tot opbou van sy gemeente nie, is die balans kwyt. Die hele Pinksterwonder moet ons sien as 'n korporatiewe wonder. Die Gees het die liggaam van Christus kom vervul.

### 4. *Die Gees en die koninkryk.*

J. H. Bavinck stel dit so: In die uitstorting van die Gees word die kerk van Jesus Christus ingeskakel in God se plan met die wêreld. Die kerk word mobiel gemaak, dit word instrument van die wêreldverowerende greep van Christus (a.w., p. 27). Die Gees neem ons dus in sy greep en maak ons instrumente van Christus in sy koninklike gang na sy toekoms, die volkommenheid van die koninkryk, waarin God alles sal wees in almal.

En in hierdie opgeneem word deur die Gees in die gang van die koninkryk val, volgens die Nuwe Testament, die aksent weg op die onderskeid tussen die gewone en die buitengewone. Die Bybel spreek van geestelike, en geestelik is dit wat ontruk is aan die mag van die duisternis en oorgebring is in die „koninkryk van die Seun van sy liefde” (1 Kol. 1 : 13). Daarteenoor is daar die vleeslike wat bly in die mag van die sonde. Dit is die grens.

Daarom kan Paulus doodgewone dinge soos geloof en kennis en barmhartigheid charismata noem. Die gewone word buitengewone in die koninkryk omdat die buitengewone heel gewoon is by God.

S. C. W. Duvenage.

Potchefstroom.